

## **NUUSVRYSTELLING**

(vir onmiddellike vrystelling)

### **POSITIEWE BEK-EN-KLOUSEER UITSLAE IN DIE VHEMBE DISTRIK**

#### **IN LIMPOPO**

Die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het met skok en ontsteltenis kennis geneem van die uitbreking van bek-en-klouseeer in die Vhembe-distrik in Limpopo, soos deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye aangekondig.

Die uitbreking is baie slegte nuus vir die rooivleisbedryf, veral gesien in die lig van die feit dat die beesvleisbedryf op die drumpel gestaan het van wesenlike uitvoere na lande soos China.

'n Vorige studie wat deur die Nasionale Landboubemarkingsraad onderneem is, het aangetoon dat die Suid-Afrikaanse landbousektor 'n verlies van sowat R6 biljoen per jaar gely het tydens die vorige uitbreking van bek-en-klouseeer.

Die RPO het aan die einde van verlede jaar sy ernstige kommer oor die bek-en-klouseeer situasie uitgespreek omdat daar 'n gebrek aan kapasiteit is om bek-en-klouseeer maatreëls in plek te hou. Ondanks die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se beste pogings is die gebrek aan befondsing op nasionale en provinsiale vlak die grootste bron van kommer.

= 2 =

Die RPO sal in samewerking met die nasionale Diergesondheidsforum alles moontlik doen om te verseker dat die hele proses voldoende befonds is. Die RPO is instrumenteel tot die daarstelling van provinsiale Diergesondheidsforums en sal binne die strukture alle pogings aanwend ten einde die probleem op 'n spoedeisende wyse te hanteer.

Dit is van kardinale belang om die Tesourie, die nasionale- en provinsiale Departemente van Landbou sowel as instansies soos die Europese Unie as moontlike befondsingsdonateurs in dié verband te nader. Die bedryf sal ook betrokke moet wees.

Verder sal die RPO ook met die Departement en alle ander organisasies saamwerk om die huidige uitbreking op so 'n manier te hanteer dat vertrouwe geskep word, sodat Suid-Afrika se 'n bek-en-klouseer vrye sone status so gou as moontlik herwin kan word.

- ooo O ooo -

**Datum** : 9 Januarie 2019

**Navrae** :

Mnr Koos van der Ryst

Voorsitter

Selfoon : 083 303 7926

Mnr Gerhard Schutte

Hoof-uitvoerende Beampte

Selfoon : 082 556 7296